

**8 September**

**Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-7**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 49:2**

**Die Woord lei die mond om soos 'n tweesnydende swaard te wees**

'n Jagter se pyl is vlymskerp, sodat dit 'n dier se hart kan deurboor, sodat die jagter kan oorleef van die vleis van die dier wat gejag word. As die pyl stomp is, sal die pyl nie die dier deurboor nie, en slegs die dier wond.

Net so moet ons as Christene in die verkondiging van God se Woord wees. Jesaja 49:2 sê dat die Here sy mond soos 'n skerp swaard gemaak het, dit is die Woord van God. Die Woord moet 'n mens so voed, soos dit in Hebreërs 5:13-14 voorkom, dat ons mond soos 'n tweesnydende swaard word. Ons moet so deur die Gees beheers word, soos Romeine 8 ons bemoedig, dat ons die volle evangelie aan ander kan oordra. Ons moet die geestelike voedsel, soos dit in Hebreërs 5:13-14 beskryf word, wat ons van die Woord ontvang, aan ander verkondig.

Wanneer ons soos in Psalm 1 die Woord dag en nag oordink, sal ons geestelik groei, en volwassenes in die geloof word. Ons woorde moet soos 'n tweesnydende swaard word, of soos die pyl van 'n jagter, dat die Woord so diep in ander se harte deurboor word dat hulle die krag van die Woord sal beleef, en ook groei na geestelike volwassenheid. Die Woord moet die fokus van 'n persoon van die wêreld se dinge skuif, na die dinge van God toe. Wanneer 'n mens geestelik onvolwasse is, is ons van nature geneig om na afgodery soos byvoorbeeld Mamon, die geldgod, getrek te word.

Dus moet ons deur die Woord tot volwassenheid groei, en ook ander deur die Woord van God bedien, dat die krag van die Woord hulle ook na geestelike volwassenheid kan lei, sodat hulle monde ook soos 'n tweesnynde swaard kan word.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 4*

*Teologiese Student W (Werner) Brotherton*